Tel: (012) 546-1358/1368
Faks: (012) 546-0705
Koos De La Reystraat 279
Posbus 16163
Pretoria- Noord 0116
www.daniemalan.co.za
E-pos: navrae@daniemalan.co.za

Malanne Maatjies Graad R Sentrum

Tel: (012) 546-1358/1368
Faks: (012) 546-0705
279 Koos De La Rey street
P O Box 16163
Pretoria- North 0116
www.daniemalan.co.za
E-mail:navrae@daniemalan.co.za

GR R OB23 /2021

Liewe Gr R Ouers,

Tema:
Die tema hierdie week is Suiwel
(13 – 17 September)

Temabespreking:
- ♣ Watter diere verskaf melk?
- ♣ Hoe lyk 'n koei?
- ♣ Versorging van 'n koei.
- ♣ Suiwelprodukte.
- ♣ Hoekom moet ons suiwel inneem?
- ♣ Proses om melk te kry.
- ♣ Waar koop ons melk/ suiwel?
- ♣ Bewaring en verpakking.
- ♣ Ken jou melkkoeie.

Versie:
Melk is goed vir my

In die oggend voor ek skool toe ry
Bring my ma 'n groot glas melk vir my.
Ek sluk dit so ghoef-ghoef af
voor ek na my fiets toe draf.
In my tas wag lekker kaas op my brood.
Hierdie lekker kos maak my so fris en groot.

Huistaal:
- ✍ Klank: h
- ✍ Sigwoord: waar
- ✍ Skryf name vanaf kaart
- ✍ Verstaan dat woorde uit meer as 1 klank bestaan.

Wiskunde:
- ✓ Tel voorwerpe
- ✓ Getalsimbole en getalname.
- ✓ Optel en aftrek
- ✓ Kapasiteit / volume
- ✓ Posisie, oriëntasie en aansigte.

Persepsie: (visueel)
Kleure:
- ☆ Kaas = geel,
- ☆ Melk = wit,
- ☆ Roomys = pienk
- ☆ Skil van kaas = rooi

Wetenskap:
Los melk vir 'n paar dae en maak gevolgtrekking.

Uitvoerende kuns:
- ♪ Toonhoogte
- ♪ Ouditiewe diskriminasie
- ♪ Instrumentale spel

Liggaamsopvoeding:
- Vrye ekspressie
- Groot motoriese koördinasie
- Balans
- Beweging
- Lateraliteit

Onthou:
- ☺ Vrydag: @ 17 Sept: "Fancy masker"
- ☺ @ **Skool kom 12:30 uit**



Geniet die week!

Malanne maatjie Groete
Gr R Opvoeders